

### **“Ons Praat met Een Stem” – MIV Voorspraak Video**

Die MIV epidemie is op ‘n mespunt. Na ‘n buitengewone, dekade-lange en wêreldwye intensiewe poging bestaan die moontlikheid dat VIGS as ‘n publieke gesondheidsbedreiging beëindig kan word. Die uitdaging is dat die toenemende gebrek aan politieke wil en motivering om die epidemie te beëindig, kan lei tot ‘n ernstige herlewing van die epidemie in die 2020s, wat miljoene der miljoene lewens kan bedreig.

Die Common Voice Initiative (ons noem dit “Ons Praat met Een Stem.”) wil ‘n video maak om te pleit vir ‘n globale herfokus en nuwe toewyding om die VIGS epidemie te beëindig. Die video sal bestaan uit grepe van ‘n verskeidenheid geloofstradisies wêreldwyd wat die belofte (pledge) aflê.

Ons sal graag jou gemeente of gemeenskap insluit in hierdie video. As julle deel hiervan wil wees, volg asb. die instruksies vir die voorbereiding, opname en indien van die video. Ons wil graag die voltooide produk op Wêreld VIGS-dag, 1 Desember, uitreik. So, ons sal julle bydrae op die laaste op die 1e November moet ontvang om dit in te sluit.

Vir meer inligting, stuur asb. ‘n epos (in Engels) aan David Barstow by [drbarstow@empactafrica.org](mailto:drbarstow@empactafrica.org).

*“As leiers en volgelingen van verskillende geloofstradisies, praat ons saam met een stem om dringend te versoek dat die wêreld opnuut fokus daarop om VIGS te beëindig.”*







‘n Diverse groep geloofsleiers lees die belofte by ‘n spesiale erediens tydens die 22e Internasionale VIGS-konferensie in Amsterdam in Julie 2018.

## Instruksies vir die Opname van die “Ons praat in Een Stem” Video.

### Vorbereiding:

1. Die Engelse en Afrikaanse weergawes van die “Ons Praat in Een Stem” belofte is aan die einde van hierdie dokument.
2. Indien Engels of Afrikaans nie die voorkeur taal in julle plek van aanbidding is nie, vertaal dit asseblief in jou taal!
3. Reël asb. vooraf met die bedieningsleier en gemeente dat die belofte gedurende die erediens deur die leier en lidmate gelees word.
4. As dit vir enige rede onprakties is vir lidmate om deel te neem, kan die verklaring op ander maniere gebruik word. Twee persone kan bv. die stemme van die leier en respons lees, die leier kan die teks van die respons voorlees en lidmate kan dit na-sê, of hulle kan bloot na elke sin ‘amen’ sê.

### Opneem van die Video:

1. Die ideaal is dat ten minste twee mense die video opneem - met ‘n selfoon of ‘n videokamera. Een kamera moet redelik naby op die leier fokus. Die ander kamera kan van voor ‘n redelik wye gesigshoek afneem. Die diagram wys een moontlikheid, maar as die erediensruimte se uitleg anders is, kan dit aangepas word.
2. Indien daar slegs een kamera beskikbaar is, posisioneer dit tussen die gemeentelede sodat die leier duidelik sigbaar is, sowel as die rûe van sommige lidmate. Die diagram illustreer een moontlikheid, maar as die erediensruimte se uitleg anders is, kan dit aangepas word.
3. Indien ‘n selfoon gebruik word, moet die video asb. horisontaal opgeneem word (met die foon op sy sy gedraai).
4. Die hele opname moet met beide kameras geneem word. Begin die opname ten minste 30 sekondes voor die voorlesing begin en hou ten minste dertig sekondes na die einde daarvan aan. Moet asb. nie enigsins die kamera beweeg tydens die opname nie.
5. Indien daar ‘n derde persoon met ‘n kamera of foon is, kan hulle rondloop en verskillende lede van die gemeente opneem terwyl hulle met die voorlesing besig is.
6. Neem asb. ook bykomend ‘n kort video op wat die spirituele aard van die geleentheid aandui - bv terwyl die gemeente sing of ‘n belydenis aflê.
7. Laastens, neem asb ook drie foto’s – een van die erediens leier, een van die gemeente van voor af en een wat die leier sowel as die lidmate van agter wys. Die diagram gee ‘n aanduiding van moontlike foto’s.

### Indien van die Video:

1. Dien asb. al die video’s in, tesame met die foto’s en die vertaling van die belofte indien u een gebruik het.
2. Stuur asb ‘n epos aan David Barstow at [drbarstow@empactafrica.org](mailto:drbarstow@empactafrica.org) en hy sal die skakel aanstuur waar die materiaal opgelaaai kan word.

*Dankie dat julle deel hiervan is!*

## **Ons Praat in Een Stem Belofte**

*Die MIV epidemie is op 'n mespunt. Na 'n buitengewone, dekade-lange en wêreldwye intensiewe poging bestaan die moontlikheid om VIGS as 'n publieke gesondheidsbedreiging te beëindig. Die uitdaging is dat die toenemende gebrek aan politieke wil en motivering om die epidemie te beëindig, kan lei tot 'n ernstige herlewing van die epidemie in die 2020s, wat miljoene der miljoene lewens kan bedreig.*

*Sterk voorspraak van geloofsgemeenskappe is baie belangrik om te verseker dat die wêreld volhard en die VIGS-epidemie uiteindelik beëindig.*

*Die "Ons Praat in Een Stem Geloofte" is 'n inter-godsdienstige uitdrukking van voorspraak en toewyding wat in eredienste of by ander godsdienstige MIV-verwante geleenthede gebruik kan word.*

**Leier:** As leiers en volgelinge van verskillende geloofstradisies, praat ons met een stem om dringend te versoek dat die wêreld opnuut daarop fokus om VIGS te beëindig.

**Respons:** Ons eis dat die wêreld se leiers doelgerig optree – nou en in die toekoms – om te verseker dat hierdie epidemie uiteindelik beëindig word.

**Leier:** Ons praat met een stem, omdat ons verskillende geloofstradisies baie heilige waardes deel.

**Almal:** Ons deel 'n geloof in die inherente waarde en waardigheid van elke mens.

**Almal:** Ons deel die oortuiging dat alle mense met waardigheid en respek behandel moet word.

**Almal:** Ons deel 'n verbintenis om menslike lyding te verlig.

**Almal:** Ons deel die verantwoordelikheid om uit te reik na randfigure en om weerloses te beskerm.

**Leier:** Alhoewel MIV en VIGS verskillende mense, streke en sosiale groepe verskillend affekteer, weet ons dat die epidemie die hele mensdom beïnvloed.

**Respons:** As lede van een mensdom verbind ons ons daartoe om ons deel te doen om die epidemie te beëindig.

**Leier:** Geloofsgemeenskappe was van die begin van die epidemie aan die voorpunt by die verskaf van MIV behandeling, sorg en ondersteuning.

**Respons:** Ons sal aan die voorpunt bly – so lank as wat die VIGS-epidemie voortduur.

**Leier:** Ons erken dat sosiale en kulturele kwessies ernstige hindernisse was, en is, in die effektiewe aanspreek van die VIGS epidemie.

**Respons:** As mense van verskillende geloofstradisies verbind ons ons daartoe om sosiale en kulturele kwessies met liefde en deernis te hanteer, eerder as met haat en verwerping.

**Leier:** Ons erken dat godsdienstige oorwegings en praktyke soms gebruik word om veroordelende sienings en houdings te regverdig en dat die stigma en diskriminasie wat hieruit voortvloei mense met MIV, sowel as die wêreldwye respons op die VIGS epidemie, benadeel het.

**Respons:** Ons verwerp hierdie veroordelende sienings en verbind onself om stigma binne ons geloofsgemeenskappe en die wyer gemeenskap te staan.

**Leier:** Ons erken dat geloofsoortuigings soms gebruik word as motivering vir mense om hulle MIV-behandeling te staak en dat dit tot onnodige sterftes lei.

**Respons:** Ons verwelkom nie-mediese steun aan mense wat met MIV lewe, maar verwerp 'n uitsluitlike vertrouwe op geloofsgenesing. Ons verbind onself om lede van ons geloofsgemeenskappe aan te moedig en te ondersteun om getrou te bly aan hulle mediese behandeling vir MIV.

**Leier:** Ons glo dat alle mense toegang tot MIV voorkomings- en behandelingsdienste moet hê, insluitend die wat deur die gemeenskap eenkant toe geskuif word.

**Respons:** Ons pleit vir universele toegang tot MIV dienste wat met waardigheid en respek verskaf word, sonder stigma, diskriminasie of vrees vir vervolging.

**Leier:** Ons glo dat MIV en TB infeksie by kinders 'n besondere tragiese aspek van die VIGS pandemie is.

**Respons:** Ons pleit vir wydverspreide toegang tot toets- en behandelingsdienste vir swanger vroue en kinders wat met MIV lewe.

**Leier:** Ons glo dat ons geloofsgemeenskappe ruimtes van hoop moet wees vir mense wat met MIV lewe.

**Respons:** Ons verbind onself om MIV dienste te verskaf wat elke individu se unieke fisiese, sosiale, emosionele en spirituele behoeftes aanspreek.

**Leier:** Ons glo dat mense korrekte inligting nodig het om die uitdagings van epidemies soos MIV te oorkom.

**Respons:** Ons verbind ons om akkurate inligting oor MIV en VIGS aan ons lede beskikbaar te stel en om skadelike mites aan te spreek.

**Leier:** Ons glo dat volgelinge van ons geloofstradisie 'n persoonlike verantwoordelikheid het om hulle MIV status te ken en om gedrag wat die risiko van MIV oordrag inhou sover moontlik te vermy.

**Respons:** Ons verbind ons om lede van ons geloofsgemeenskappe toe te rus met kennis van die volle omvang van voorkomingsopsies, sodat hulle hierdie verantwoordelikheid kan nakom.

**Leier:** Ons glo dat volgelinge van ons geloofstradisies 'n verantwoordelikheid het om toekomstige geslagte teen epidemies soos MIV te beskerm.

**Respons:** Ons verbind ons om jong mense in ons geloofsgemeenskappe toe te rus met die inligting wat hulle nodig het om hulleself en ander teen MIV oordrag te beskerm.

**Leier:** Ons glo dat lede van ons geloofsgemeenskappe hard, duidelik en aanhoudend moet bly praat oor die globale respons op die VIGS epidemie.

**Respons:** Ons verbind onself om uitgesproke stemme te wees vir 'n sterker globale, nasionale en plaaslike MIV en VIGS respons.

**Leier:** Ons glo dat ons die effektiwste is as ons saamwerk met ander mense en organisasies wat ons doelwitte deel.

**Respons:** Ons verbind onself om sterk en aktiewe vennote te wees vir mense wat lewe met MIV, met die burgerlike samewerking, en met regeringsorganisasies op alle vlakke.

**Almal:** Gedring deur ons gemeenskaplike waardes, en met gebede vir volharding, wysheid en goddelike leiding, verbind ons onself om brûe te bou met ander geloofstradisies en nooi ons volgelinge van alle tradisies om met ons saam te werk om die VIGS epidemie te beëindig.

*Die Common Voice belofte is in samewerking met die Wêreldraad van Kerke se Ecumenical Advocacy Alliance ontwikkel. Vir meer inligting, besoek die webblad, [www.CommonVoiceAIDS.org](http://www.CommonVoiceAIDS.org) of kontak Dr. David Barstow, [drbarstow@empactafrica.org](mailto:drbarstow@empactafrica.org)*

Engels

## *Speaking with a Common Voice*

*The AIDS epidemic is at a critical point. A remarkable, decades-long global effort has given us the capability to end AIDS as a public health threat. However, the global political will to end AIDS is weakening, raising the risk of a major resurgence of the epidemic in the 2020s. Strong advocacy by religious voices is vital to ensuring that the world perseveres and finally brings the AIDS epidemic to an end.*

*The Common Voice pledge is an interreligious expression of advocacy and commitment that can be read responsively in worship services or other events related to the religious response to HIV and AIDS.*

**Leader:** As leaders and followers of different religious traditions, we are speaking together with a common voice to urgently demand that the world re-commit to ending AIDS.

**Response:** We demand that the world's leaders take strong actions now, and in the future, to ensure that this epidemic is finally brought to an end.

**Leader:** We are speaking with a common voice because our diverse religious traditions share many sacred values.

**All:** We share a belief in the inherent value and worth of all human beings.

**All:** We share a conviction that all human beings must be treated with dignity and respect.

**All:** We share a commitment to relieve human suffering.

**All:** We share a responsibility to reach out to the marginalized and to protect the vulnerable.

**Leader:** Although HIV and AIDS affect different people, regions, and social groups differently, we know that the epidemic affects the entire human community.

**Response:** As members of the human community, we commit to playing our part in bringing the AIDS epidemic to an end.

**Leader:** Religious organizations have been on the forefront in providing HIV and AIDS treatment, care, and support services since the beginning of the epidemic.

**Response:** We will remain on the forefront as long as the AIDS epidemic continues.

**Leader:** We recognize that social and cultural issues have been major barriers to effectively fighting the AIDS epidemic.

**Response:** As people of diverse religious traditions, we commit to addressing social and cultural issues with love and compassion, rather than hate or rejection.

**Leader:** We recognize that religious beliefs and practices have sometimes been used to justify judgmental attitudes and that the resulting stigma and discrimination have harmed people living with HIV and have weakened the global response to the AIDS epidemic.

**Response:** We reject these judgmental attitudes and we commit to fighting stigma and discrimination within our religious communities and within society at large.

**Leader:** We recognize that religious beliefs and practices have sometimes been used to encourage people with HIV to abandon their medical treatment, leading to many needless deaths.

**Response:** We welcome the use of non-medical interventions in helping people living with HIV, but we reject exclusive reliance on faith healing and we commit to encouraging and supporting members of our religious communities in adhering to their medical treatment for HIV.

**Leader:** We believe that all people should have access to HIV prevention and treatment services, including people who are marginalized by society.

**Response:** We strongly urge universal access to HIV services, provided with dignity and respect, and without stigma, discrimination, or fear of criminal prosecution.

**Leader:** We believe that HIV and TB infection in children is an especially tragic aspect of the AIDS epidemic.

**Response:** We strongly urge widespread availability of testing and treatment services for pregnant women and for children living with HIV.

**Leader:** We believe that our religious communities must be places of hope for people living with HIV.

**Response:** We commit to providing HIV services that address each unique individual's physical, social, emotional, and spiritual needs.

**Leader:** We believe that people need correct information in order to deal effectively with epidemics such as AIDS.

**Response:** We commit to providing members of our communities with accurate information about HIV and AIDS and to dispelling harmful rumors and myths about the disease.

**Leader:** We believe that followers of our religious traditions have a personal responsibility to know their HIV status and to refrain from behavior that risks transmission of HIV.

**Response:** We commit to equipping members of our communities with knowledge about all HIV prevention methods so that they can take responsibility for avoiding HIV transmission.

**Leader:** We believe that followers of our religious traditions have an obligation to protect future generations from epidemics such as AIDS.

**Response:** We commit to equipping young people in our communities with the knowledge to protect themselves and others from HIV transmission.

**Leader:** We believe that followers of our religious traditions must speak loudly and persistently about the global response to the AIDS epidemic.

**Response:** We commit to being vocal advocates for strengthening the response to HIV and AIDS at the global, national, and local levels.

**Leader:** We believe that we are most effective when working in collaboration with other people and organizations that are committed to similar goals.

**Response:** We commit to being strong and active partners with people living with HIV, with civil society, and with governmental and non-governmental organizations at all levels in responding to the AIDS epidemic.

**All:** Compelled by our common values, and with prayers for perseverance, wisdom, and divine guidance, we commit to building bridges with other religious traditions and we invite followers of all traditions to join us as we work together to end AIDS.

*The Common Voice pledge was developed with the help of the World Council of Churches – Ecumenical Advocacy Alliance. For more information about the Common Voice initiative, please visit our website, [www.CommonVoiceAIDS.org](http://www.CommonVoiceAIDS.org), or contact Dr. David Barstow, [drbarstow@empactafrica.org](mailto:drbarstow@empactafrica.org).*